education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

MUSIEK

MODEL 2007

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladye.

Kopiereg voorbehou

Los asb hierdie bladsy oop

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die partituur van die opening van die tweede beweging van Haydn se *Strykkwartet, Op 74 No 3* en volg die instruksies:



1.1.1 Skryf mate 1 en 2 oor vir strykkwartet.

Antwoord:

Die volgende aspekte sal in ag geneem word vir die toekenning van punte:
Toonsoorttekens, stryktekens, artikulasie en korrekte notasie vir elke instrument.



(6)

1.1.2 Jou eerste vioolspeler is in die hospitaal en moet vervang word met in klarinet in A. Noteer die eerste vier mate van die eerste vioolparty vir 'n klarinet in A. Gebruik geskikte toonsoorttekens met die uitgangspunt dat 'n klarinet in A 'n mineur terts laer klink as die geskrewe toonhoogte. (5)

Antwoord:
Korrekte toonsoorttekens = 1
Korrekte transposisie = 4



[5]

1.2 Beantwoord die vrae oor die volgende uitreksel uit *Fairest Isle.*





1.2.1 Skryf die ritmepatroon van die stemparty in mate 5 en 6 oor in saamgestelde drieslagmaat. Maak seker dat die klankritme nie verander nie.

Antwoord:
Tydmaatteken = 1
Nootwaardes = 2



(3)

1.2.2 Skryf die note in die begeleiding van maat 8 oor met korrekte groepering.



Die agstenote kan ook in groepies van twee gegroepeer word. (2)

1.2.3 Skryf die notasie van die begeleiding in maat 3 oor in Franse tydname.

BOONSTE STEMPARTY taa taa taa

MIDDEL STEMPARTY taa - aa - aa

LAAGSTE STEMPARTY taa - aa taa (2)

[19]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die volgende uittreksel uit *Ländler* van Beethoven, en beantwoord die vrae wat volg:



2.1.1 Skryf die akkoord in maat 2 in die altsleutel in uitgebreide posisie sonder toonsoortteken.

Antwoord;
1 punt per noot



Kan ook genoteer word in die styl van die voorbeeld (klavierstyl) (3)

2.1.2 Noem die intervalle gemerk 1 – 3 volledig, bv. mineur 2de (sekunde), ens

Antwoord:
1 punt elk

1) Majeur 3de (terts)
2) Volmaakte 5de (kwint)
3) Majeur 6de (sekst) (3)

2.1.3 Skryf en benoem die omkerings van die bogenoemde intervalle in heelnote sonder toonsoortteken.

Antwoord
Omkering en naam: 1 punt per interval (3)

Mineur sekst Volmaakte kwart Mineur terts

2.1.4 Identifiseer en merk twee plekke op die partituur waar 'n volledige D-majeurtoonleer voorkom. (2)

Antwoord



2.2 Skryf die volgende toonlere:

Antwoord:
Toonsoorttekens/toevallige tekens.
Minus een punt vir elke fout.
Enige korrekte ritmepatroon en tydmaatteken sal aanvaar word.

2.2.1 G melodiese mineur afgaande met toonsoortteken.



(3)

2.2.2.



Die opgaande 'Blues'-toonleer wat op E begin sonder toonsoortteken in saamgestelde tweeslagmaat.

Die $A^{\#}$ mag as 'n $B^{b.}$ noteer word. (3)

[17]

VRAAG 3

3.1 Analise: Bestudeer die volgende musiekuittreksel en volg die instruksies:



3.1.1 Noem die toonsoort: G majeur (1)

3.1.2 Noem en besyfer die kadense gemerk a) en b)

a) Onvolmaak: I V
b) Volmaak: V I (2)

3.1.3 Besyfer die aangeduide akkoorde c – g op die partituur.

c) I
d) IV6/IVb (vi is ook 'n moontlikheid)
e) V6/Vb
f) vi (5)
g) V6/Vb [8]

3.2 Skryf die volgende drieklanke (akkoorde) sonder toonsoorttekens:

3.2.1 Dominantakkoord in tweede omkering in A^b majeur. Gebruik die G-sleutel. (2)

3.2.2 Vergrote drieklank in eerste omkering in E mineur. Gebruik die bassleutel. (2)

Antwoord:



[4]

3.3 Harmoniseer die volgende melodie. Gebruik 'n onderbroke kadens aan die einde.

Antwoord:

Elke korrekte akkoord = 1 elk = 8
Kadens = 2
Musikaliteit = 2



(12)

[24]

TOTAAL AFDELING A: / **60** /

AFDELING B

VRAAG 4

Jy is die seremoniemeester by 'n Barokaand van die Ouervereniging en moet kortliks agtergrondinligting van enige VIER van die volgende genres verskaf: Skryf kort aantekeninge daarvoor.

4.1 Barok (4)

4.2 Concerto Grosso (4)

4.3 Suite (4)

4.4 Prelude en Fuga (4)

4.5 Sonate (4)

4.6 Kantate (4)

4.7 Oratorium (4)

4.1 'Barok' (1600 – 1750) Kom moontlik van die Portugese woord *barocco,* 'n onreëlmatige pêrelvorm aandui Dit is eerste gebruik in verband met die hoogs ornamentele argitektoniese styl en kuns van die 17e eeu. Later het die woord ook verwys na 'n musiekperiode vanaf die geboorte van opera en oratorium tot by die dood van JS Bach. In musiek het dit gestalte gekry in die gebruik van versierings, nabootsing, 'n kontrapuntale styl wat die kontras in tekstuur, bv. tussen koor en orkes, volle orkes of solo belig. (4)

4.2 Concerto Grosso
Dit is een van die mees opwindende genres van die Barok-era. Die woord kom moontlik van die Italiaanse woord wat verwys na "saamkom" of van die Latyn wat 'n dispuut beteken. Ons kan die oorsprong van concerto teruglei na die Renaissance. Die saadjie is reeds deur komponiste soos Giovanni Gabrieli gesaai in sy meerstemmige koorwerke. Die kenmerk van kontras lei tot die Barok concerto grosso. Hierin het komponiste soos Corelli, Handel en Bach (in sy Brandenburg Concertos nos 2,4 en 5) twee kontrasterende groepe instrumente gebruik, nl. Die kleiner groepie soliste (concertino) teenoor die groter orkes van strykers (ripieno) of ook tutti (almal). 'n Klawesimbel of orrel continuo het die tekstuur van die ripieno aangevul deur middel van ondersteunende harmonieë die kere dat die concertino instrumente sonder die ripieni gespeel het. (4)

4.3 Suite – stel danse wat veronderstel is om in volgorde uitgevoer te word. Die vroeë 18e eeu (die van Bach en Handel en hul tydgenote) het baie gefokus op die dansstyl van stukke, normaalweg die Allemande, Courante, Sarabande en Gigue, hoewel ander dansvorme ook bygevoeg kon word, bv 'n Prelude en ligter danse soos die Gavotte en Bourrée wat na die Sarabande ingevoeg kon word. Alle bewegings is in dieselfde toonsoort. (4)

4.4 Prelude en Fuga
Elke fuga van Bach se '48' word voorafgegaan deur 'n Prelude.Hierdie preludes kan verskil in vorm en styl en die enigste voorwaarde is dat dit in dieselfde toonsoort moet wees, asook in 'n vorm wat die luisteraar se oor sal lei en instel op die fuga wat gaan volg.
"n Fuga is 'n kontrapuntale stuk wat hoofsaaklik gebaseer is op nabootsings. Dit is gewoonlik geskryf vir drie of vier "stemme". Die hele komposisie groei uit een bestaande redelik kort karakteristieke tema wat die Onderwerp genome word wat eers deur slegs een stem gedoen word. Dan kan dit deur die ander stemme nageboots word, elkeen op die toepaslike toonhoogte. Die Onderwerp verander in die loop van die fuga deurgaans van toonsoort en stempartye. Hierdie intredes word geskei deur dele wat bekend staan as episodes. 'n Komponis mag 'n episode baser op 'n kenmerk van die hoofonderwerp of hy kan enige ander material gebruik. Gedurende die laat-Barok is die idée deur Handel vervolmaak, asook veral deur JS Bach wat heelwat fugas vir orrel gekomponeer het. Die Kuns van die Fuga en die 48 Preludes en Fugas is vir klawesimbel gekomponeer.
Fuga beteken "vlug" – dit klink asof die stemme vir mekaar vlug. (4)

4.5 Sonate – dit beteken letterlik "om gespeel te word" teenoor gesing. Die woord is van toepassing op 'n ernstige tipe musiek van 'n sekere lengte wat ook emosionele en intellektuele eienskappe bevat, dus nie musiek vir ligte vermaak nie. Normaalweg bestaan 'n Sonate, soos 'n Suite, uit verskillende bewegings bestaan met die verskil dat die Sonate nie bewegings in 'n dansstyl, soos die ouer suites, bevat nie. Sonatevorm verteenwoordig dus 'n sekere styl eerder as vormstrukture. (D Scarlatti het van sy een beweging werke in the vroeë 18e eeu so genoem.) Die Baroksonate bestaan normaalweg uit vier bewegings, nl. stadig, vinnig, stadig, vinnig. (4)

4.6 Kantate – 'n kort oratorium – is hoofsaaklik 'n koorwerk. Baie van Bach se kerkkantates is eintlik uitgebreide gesange. Solokantates was algemeen in die 18e eeu. *Cantata da Chiesa* verwys na kerkgebruik en *Cantata da Camera* na kamermusiekuitvoerings. 'n Kantate is 'n ernstige werk vir orkes, soliste en koor. (4)

4.7 Oratorium – vroeër was oratoria baie dieselfde as operas. Dit het bestaan uit resitatiewe, arias en kore en die storie is opgevoer met dekor en kostuums. Die groot verskil was dat oratoria hoofsaaklik op gewyde stories (ook uit die Bybel) gebaseer was. Mettertyd het die toneelspel verval en is oratoria slegs as 'n musiekaanbieding in kerke en konsertsale eerder as teaters uitgevoer. Die beste oratoria van die Baroktydperk is gedurende die eerste helfte van die 18e eeu gekomponeer deur Handel.(met Engelse woorde) Voorbeelde: *Israel in Egypt, Samson* en seker die bekendste van almal – *Messias.* Handel het gebruik gemaak van resitatiewe om die vertelgang van die storie te versnel en arias vir die meer gevoelvolle, refelektiewe dele. By sommige oratoria verleen hy gewig aan die belangrikheid van koorwerke wat die dramatiese slot van die storie moet oordra. (4) **[16]**

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte titel of komponis om VIER van die volgende te voltooi. Skryf slegs die korrekte woord in jou antwoordboek. (4)

Beethoven	Mozart	Klavier	Stryk-orkes	Solo	Verrassing

5.1.1 **Beethoven** het die *Pathétique Klaviersonate in C mineur* gekomponeer. (1)

5.1.2 Die Simfonie no.94 in G majeur deur Haydn staan ook bekend as die **Verrassingsimfonie.** (1)

5.1.3 Mozart het *Eine Kleine Nachtmusik* vir 'n **Strykorkes** gekomponeer. (1)

5.1.4 *Don Giovanni* is 'n opera deur **Mozart**. (1)

5.1.5 In die *Trompet Konsert in E^b majeur* deur Haydn word die **Solo** gedeelte deur 'n trompet gespeel. (1)

5.2 Beantwoord DRIE van die volgende vrae deur te noem of die bewerings WAAR of VALS is. (3)

5.2.1 Sonatevorm word ook soms Eerste beweging vorm genoem. **WAAR** (1)

5.2.2 A klassieke simfonie word normaalweg uitgevoer met perkussie instrumente. **VALS** (1)

5.2.3 Kwartette, trios. kwintette en sekstette is almal kamermusiekwerke. **WAAR** (1)

5.2.4 'n Opera is gebaseer op 'n gewyde teks. **VALS** (1)

5.3 Beskryf die ontwikkeling van EEN van die Klassieke genres wat jy bestudeer het. Verwys na die komponis en komposisies. Verskaf 'n historiese raam en lewer kommentaar op die gebruik van vorm. (8)

Komponis en werk
- Beethoven : Sonate in C mineur, op. 13, Pathétique

- Haydn: 1. Simfonie no.94 in G majeur, Verrassing; of 2. Trompet Concerto in E mol majeur, 3e Beweging Allegro; (2)

- Mozart: Eine Kleine Nachtmusik; 3e beweging Minuet of Don Giovanni

Historiese konteks – 1750 tot 1820, klem op balans, eenvoud asook helderheid van vorm. Die outoriteit van die aristokrasie word in twyfel getrek. Melodieuse temas en harmonieë vervang die polifoniese tekstuur.
Vorm
- Sonate: ABCAB, Eerste Bewegingvorm

– Uiteensetting,Ontwikkeling,Heruiteensetting. Dit word ook aangewend in Simfonieë, Concerto's, Kamermusiek. Die volle werk betsaan uit verskillende bewegings – stadig, vinnig, stadig, vinnig.
Opera – 'n dramatiese geheel van woorde, musiek en vertoon in verskillende bedrywe. Die vokale-orkestrale besetting van 'n toneelstuk.

(6)

Enige relevante feite van die werk en styl sal aanvaar word. **[8]**

VRAAG 6

6.1 Pas TWEE van die volgende style in Tabel A by TWEE kunstenaars in Tabel B. (2)

	Tabel A	**Tabel B**
6.1.1	*Punk Rock*	*Sex Pistols*
6.1.2	*Glam Rock*	*David Bowie*
6.1.3	*Disco*	*Donna Summer*
6.1.4	*Euro Pop*	*ABBA*
6.1.5	*Pop Music: Mainstream*	*Madonna*
6.1.6	*Progressive Rock*	*Pink Floyd*
6.1.7	*Hip Hop*	*Eminem*
6.1.8	*Operatic Early Rock*	*Queen*

6.2 Gee 'n kort beskrywing van ALBEI die style van populêre musiek wat jy bestudeer het. Gee EEN voorbeeld van 'n relevante album vir elke styl.
Beskrywing = 6 punte (3 punte elk)
Relevante album = 4 punte (10)

6.2.1 Punk Rock – ontwikkel uit die werkersklas en het gewelddadige anti-establishment ideale aangehang. Die punk musikante het nie alleenlik gerebelleer teen die regering en sosiale norme nie, maar in baie opsigte ook teen die styl van die musiek wat direk voorafgegaan het. Baie van die punk bands het bestaan uit baie swak musikante wat in 'n styl van musiek gespeel het wat vergelyk met die van garage bands. Sex Pistols – "*Anarchy in the UK*", "*God Save the Queen*"

6.2.2 Glam Rock – 'n teatrale tipe rockmusiek, kostuums is geskep met die oog op fantasie, met glitter,vere en blinkertjies. Karakters/persona het 'n groot rol gespeel – David Bowie: Ziggy Stardust en Thin White Duke. Albums:*The Man who sold the world, Hunky Dory, The Rise and Fall of Ziggy Stardust, Alladdin Sane, The Spiders from Mars, Diamond Dogs* en *Station to Station*

6.2.3 Disco – musiek wat normaalweg nie lewendig uitgevoer word nie en gekenmerk word deur 'n sterk reëlmatige pols, lewendige baspatrone, viool riffs en elektroniese klankeffekte, ontwerp vir dans. Diskoteke het verligte dansvloere, strobe ligte en spieëlballegehad. Hulle het saamkomplekke vir avontuurlustige, pretsoekers geword wat dwelms soos kokaiene vir ontspanning gebruik. Disko het rasistiese, ekonomiese en seksuele ondertone gehad. Liedjies: ABBA – *Summernight City, Gimme, Gimme, Gimme (A Man after Midnight);* Blondie – *Heart of Glass, Atomic*

6.2.4 Euro Pop word veral verteenwoordig deur die Sweedse groep ABBA. Hulle speel in 'n volwasse kontemporêre en redelik terughoudend popstyl wat baie anders is as die tienergedrewe rockmusiek. Liedjies: *Waterloo, SOS, Fernando, Mamma Mia, Dancing Queen, Knowing Me, Knowing You.* Albums: *ABBA*, *Arrival, The Album* en *Voulez-Vous*

6.2.5 Popmusiek – omvou die verskillende style van rockmusiek, dansmusiek, rap, ens. Popmusiek is wesenlik kommersieel. Popmusiek is onlosmaaklik verbind aan tegnologie. Liedjies: Madonna – *Lucky Star, Holiday, Borderline, Material Girl, Papa Don't Preach*

6.2.6 Operatic Rock is redelik dieselfde as Glam Rock – a visuele vertoon met die band, *Queen,* en hul hoofsanger, Freddie Mercury, wat die hoofeksponente van dié styl is. Liedjies: *"Seven Seas of Rhye", "Bohemian Rhapsody". Albums: Queen, Sheer Heart Attack, A Night at the Opera* en *A Day at the Races*

6.2.7 Progressive Rock Die musiek reflekteer vernuwings in die tegnologie t.o.v. elektronika deur prominente gebruik van stereo en elektroniese klawerborde, asook psigedeliese vertolkings met uitgebreide improvisasies en 'spaced out' solos. Lirieke was geheel en al surrealisties en het dikwels na folkloreverwys, bv. "The Gnome". Poëtiese lirieke en 'n eklektiese vermenging van musiek,van avant-garde vryestyl stukke en wispelturige liedjies soos Pink Floyd songs - "The Scarecrow" *Arnold Layne, Candy and a Currant Bun, Another Brick in the Wall*, Albums: *The Dark Side of the Moon, Animals, Wish you were Here, The Wall*

6.2.8 Hip Hop: Die term **hip hop** (ook gespel "hip-hop" of "hiphop") verwys beide na die musikale(sien hip hop musiek) en kulturele genre van die beweging (hip hop kultuur) wat hoofsaaklik deur die Afrika Amerikaanse mense en Latinos beoefen word in die laaste kwarteeu. Sedert dit eerste in New York City in die sewentigs sy verskyning gemaak het, het hip hop gegroei om nie net rap te omvou nie, maar ook 'n hele lewenswyse wat elemente van etnisiteit, tegnologie, kuns en stadslewe betrek. Daar is vier basiese elemente in hip hop: hip hop dans (veral breakdancing), stedelik geïnspireerde kuns (veral graffiti), deejaying en MCing.

Gedurende die vroeë 70s, het die Jamaikaanse DJ Kool Herc in New York City aangekom en die Jamaikaanse tradisie van "toasting," of "boasting" impromptu poësie en gesegdes op Reggae, Disco en Funk albums bekendgestel. Herc was ook die skepper van die break-beat deejaying, waar die breaks in funk songs geïsoleer en herhaal word vir deurnagpartytjies. Latere DJs soos die Grandmaster Flash het die gebruik van breakbeats ontwikkel en verfyn, insluitende cutting. Liedjies Kurtis Blow's *The Breaks*, en The Sugar Hill Gang's *Rapper's Delight*. Soul Sonic Force het 'n track genoem *Planet Rock* vrygestel.

VRAAG 7

Definieer die styl en noem vier kenmerke van die musiek wat deur EEN van die volgende Suid-Afrikaanse kunstenaars beoefen word: Abdullah Ibrahim, Johnny Clegg, Brenda Fassie of Mango Groove Noem twee relevante solotreffers asook twee albums.
Definisie = 1
Kenmerke = 4
Relevante enkel gunsteling = 2 **[7]**

7.1 Abdullah Ibrahim
Vroeë styl toon invloede van tradisionele Afrika musiek en kerkmusiek met die improvisasie van jazz en die tegniese vaardigheid van klassieke musiek. Hy beoefen 'n jazzstyl wat groot invloed van Amerikaanse jazz toon,veral Duke Ellington. Hy komponeer ook musiek vir films soos Chocolat en No Fear No Die en van sy komposisies word ook vir orkes verwerk.

Brenda Fassie
1. Haar vokale klank is 'n mengsel van Africa musiek met 'n internasionale popklank. (Afro-pop)
2. Haar musiek en veral die lirieke gee die politieke situasie van die 80's getrou weer en handel veral oor die lewe in die townships.
3. Van haar treffers (veral die lirieke) is op 'n baie persoonlike vlak bv. My Bongani (geskryf toe haar enigste kind 'n klein seuntjie was)

Johnny Clegg
1. JULUKA: 'n Kombinasie van die wit Engelsman se idee van musiek met Afrika musiek in die algemeen.
2. Die musiek toon later invloede van spesiefiek Zulu musiek en tradisionele Zulu danse.
3. SAVUKA: Hier is 'n meer popgeorienteerde benadering tot Afrika musiek.
4. Na 'n paar internasionale toere toon hul musiek ook internasionale wêreldmusiek invloede.

Mango Groove
1. Hul klank is 'n mengsel van popmusiek met die klanke van Afrika.
2. Die musiek is maklik herkanbaar aan veral die virtuose penniefluitjiespel.
3. Lirieke is meesal apolities.

Bedrewe in beide lewendige dansmusiek, sowel as ballades.

BEANTWOORD VRAAG 8 OF VRAAG 9

VRAAG 8

Jy word versoek om 'n artikel vir jou skoolkoerant te skryf oor die Suid-Afrikaanse musiekgenre wat jy bestudeer het. Skryf hierdie artikel en sluit name van kunstenaars/komponiste en hul komposisies in, asook ander interessante feite.
Genre = 2
Komponis/kunstenaar = 2
Interessante feite = 2
Komposisies = 4 **[10]**

8.1 Hip Hop

8.2 Kwaito

- 1990:'n nuwe styl van township musiek wat tans die grootste musiekkrag op die Suid-Afrikaanse musiektoneel is.
- Kwaito neem internasionale dansmusiek 'n stappie verder.
- Die polsslag is van die grootste belang.
- Gewoonlik baie min instrumente wat gebruik word.
- Lirieke word gesingpraat eerder as gesing.
- Toon invloed van hip-hop en rap.
- Kunstenaars soos Mandoza, Mdu, Bongo Maffin en Zola met liedjies soos Mazola, Claimer,ens.
- Vandag is die SA kwaitosterre die kommersiële kern van 'n snel-groeiende bedryf.

Slegs die gospelbedryf vaar op die oomblik betermaar kwaitosangers kry ook toenemend meer kompetisie van hip-hoppers en rappers.

Jazz

8.3 Jazz (10)

Marabi

- Vroeë 20e eeu: swart SA mans in die myne het ‘n nuwe mengselmusiek ontwikkel,nl. Marabi
- Dit is ‘n tipe klawerbordstyl wat veral op die pedale gespeel word.
- Daar is raakpunte met die Amerikaanse Ragtime en Blues.
- Stylgewys bestaan dit uit eenvoudige akkoorde wat op herhalende ritmepatrone gespeel word.

- Aantreklike melodieë en interessante ritmes word later in die musiek van die swing bands opgeneem.
- Hierdie swing bands was die eerste generasie van die professionele swart musikant in SA.
- Groepe soos The Jazz Maniacs en Jazz Revellers.
- Later ontwikkel die styl in die *mbaqanga*, die mees herkenbare styl van SA jazz.
- Radio en musiektoere het die musiek uitgedra na ander dele van die land.
- ‘n Ware inheemse musiektaal het hieruit ontwikkel, nl. Kwela
- Kwelamusiek kry internasionale prominensie van weë die penniefluitjie.
- Kunstenaars soos Miriam Makeba, Dolly Rathebe en Letta Mbulu behaal groot sukses, selfs internasionaal.

8.4 Reggae

8.5 (10)

- Lucky Dube (gebore: Ermelo Dube) is een van SA se grootste verkopers van die musiekstyl.
- Hy het eers in die tradisionele Afrika jazzstyl begin en in 1984 meer in die rigting van reggae begin beweeg.
- Lirieke belig die politieke en spirituele probleme van die tyd.
- Hy was op ‘n stadium so omstrede dat sy musiek oor die radio verban is.
- Een van sy vroeë grootste treffers was “Think about the Children”
- Hy toon ook invloed van ‘n ander internasionale reggaekunstenaar, Peter Tosh.
- Vandag word Lucky Dube as ‘n internasionale kunstenaar gereken.

8.6 Die musiek van enige kerklike denominasie kon bestudeer word. Van die kerkmusiek waarvan 'n studie gemaak is behoort die volgende aspekte in die antwoorde aangespreek te word:

- Historiese ontwikkeling
- Kenmerke van die musiek
- Voorbeelde van komponiste en komposisies.

OF

VRAAG 9

Jou skool gaan 'n musiekaand hou wat uitsluitlik op die werke van die SA komponis wat jy bestudeer het, gaan fokus. Jy is gevra om die programnotas op te stel en daarin moet die volgende vervat wees: biografiese besonderhede en ander interessante feite van die werke wat uitgevoer gaan word. Skryf jou programnotas neer.
Kort biografiese informasie en interessante feite = 5
Werke = 5 **[10]**

9.1

- JSM Khumalo is gebore in Zululand in 1932.
- Sy werke toon tipies Afrika tegnieke soos die roep-antwoord en op- en afwaartse deining van die melodie, asook die indlamu dansritme.
- Hy het dwarsdeur sy skoolloopbaan in kore gesing.
- Hy bestudeer musiek en spits hom veral toe op komposisie.
- Hy voltooi heelwat opdragwerke, waarvan die oorgrote meerderheid in tradisionele styl geskryf is.
- Belangrike eienskappe in sy musiek is o.a. modulasie wat gebruik word om kontras tussen stemming en karakter te skep, eerder as slegs van een toonsoort na 'n ander te beweeg.
- Melodieë en ritmes word grootliks deur die teks beïnvloed.
- Voorbeelde van komposisies: *Ma Ngificwa Ukufa* en *Izibongo zikaShaka* in vier dele.
- Hy doen toonsettings in verskeie Afrikatale.

- "Ushaka KaSenzangakhona" – 'n epiese opera in musiek en poësiegebaseer op Shaka, seun van Senzangakhone.

9.2
- SJ Khosa is 'n Tsonga koorleier en komponis
- Hy bly in Gazankulu waar hy tans 'n musiekinspekteur is.
- Hy het al 'n groot aantal komposisies (ongeveer 400) gekomponeer.
- Hy tree gereeld op as beoordelaar by koorkompetisies op provinsiale sowel as nasionale vlak.
- Hy rig en dirigeer massakore.
- Van sy bekendste werke: Chuncai Mindzwalo en Afrika Montshwa

9.3
- Benjamin Barney "Big Ben" Myataza: Xhosa koorleier en komponis.
- Gebore in Transkei in 1912.
- Van jongs af betrokke in skoolkore en kerkmusiek.
- Hy studeer onderwys waar sy belangstelling in komposisie verder geprikkel word.
- Sy eerste lied *Mandiphiw'amandla Emphefumulweni Wam,* is gekomponeer in 1931.
- Baie komposisies in die koraalidioom het gevolg.
- Sy koorwerke word geskryf in vier tot agt stempartye.
- Hy is drie agtereenvolgende jare gevra om die koorwerke vir die "National Inter School Choir" kompetisies te skryf, nl. *Ingona Phezu Kodonga Lomlambo, Uponi* en *O! Hayi Ukuzenza Rosie.*
- Ander werke vir spesifieke geleenthede sluit in: *I-Jubili ka Kumkane* en *Umtshilo.*

9.4 **A.van Wyk**
(b Calvinia, 26 April 1916; d Stellenbosch, 27 May 1983)
Arnold van Wyk is op die 26e April, 1916 in Calvinia gebore. Van Wyk het reeds vroeg in sy lewe 'n belangstelling in komposisie getoon. Hy het sy tienerjare op die Hoër Jongenskool op Stellenbosch deurgebring waar hy klavieronderrig van Hans Endler en Mej. C.F. van der Merwe ontvang het. Nie veel van sy vroeëre komposisies word vandag meer gehoor nie; die enigste uitsondering is die siklus Vier Weemoedige Liedjies wat steeds gereeld uitgevoer word. Drukkende finansiële omstandighede as gevolg van 'n wêreldwye depressie het veroorsaak dat Van Wyk na sy matrikulasie in Kaapstad versekering moes verkoop om homself te onderhou. Hy kon gelukkig op die ou end met behulp van lenings van vriende en 'n klein studiebeurs sy studies in Stellenbosch voortsit. In 1936 skryf hy in vir die B.Mus graad by die Universiteit van Stellenbosch, waar hy klavier studeer onder Alan Graham en Maria Fismer. Hy word reeds op twintigjarige ouderdom deur die FAK genader om 'n Eeufeeskantate vir die inwyding van die Voortrekkermonument te komponeer, en sy Klavierconcerto is ook gedurende hierdie tyd in Kaapstad uitgevoer met homself as solis. By die laasgemoemde geleendheid was daar 'n verteenwoordiger van die Performing Rights Society in die gehoor; hy was so beïndruk met Van Wyk se talent dat hy hom beywer het om 'n PRS beurs vir Suid Afrikaanse komponiste in te stel.

In 1938 word Van Wyk die eerste Suid Afrikaner wat 'n oorsese studiebeurs van die Performing Rights Society wen. Hy sit sy studies vir die volgende vier

jaar voort by die Royal Academy of Music waar hy onder Theodore Holland (komposisie) en Harold Craxton (klavier) studeer. Gedurende sy studies by die Royal Academy vind hy ook baat by die leiding en raad van Howard Ferguson. Dit was in hierdie stimulerende tyd van sy lewe wat sy eerste volwasse werke gekomponeer is. Onder hierdie werke tel die Five Elegies for String Quartet, Saudade vir viool en orkes, die Simfonie nr. 1 en die Concertino vir klavier en orkes. Gedurende die tweede wêreldoorlog het Van Wyk ook as omroeper vir die afrikaanse afdeling van die BBC gewerk. Na 1946 het Van Wyk na Suid Afrika teruggekeer waar hy o.a. deeltydse werk vir die SAUK gedoen het. Hy word later aangestel is as dosent by die South African College of Music by die Universiteit van Kaapstad (1949-60) en by die Universiteit van Stellenbosch (1961-78) waar hy tot sy aftrede werksaam was. Onderskeidings wat aan Van Wyk toegeken is sluit 'n erepenning van die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in. In 1952 word hy 'n fellow van die Royal Academy of Music, en hy ontvang later eredoktorsgrade van die Universiteite van Kaapstad (1972) en Stellenbosch (1982).

Van Wyk is tydens sy lewe beskryf as "doyen van Suid Afrikaanse komponiste", en sy dood in 1983 was 'n verlies van een van die grootste komponiste wat ons land nog opgelewer het.

Vocal Music:

Vier weemoedige liedjies (W.E.G. Louw, I.D. du Plessis), voice and piano, 1934–8
Kerskantate (Afrikaans Bible, early Dutch poems), SATB chorus, 1946–7
Van liefde en verlatenheid (E. Marais), voice and piano, 1953
Carmine Petronii (Petronius Arbiter), Bar, fl, ob, hn, hp, pf, 2 perc, 2 va, 2 vc, db, 1964
Die ou paradys (C. Louis Liepoldt), double chorus, 2 whistlers and percussion, 1964
Aanspraak virrie latenstyd (Boerneef), chorus, 1973–83
Missa in illo tempore, double chorus, boys' vv, 1979

Orchestral Music:

Saudade, violin and orchestra, 1942
Symphony no.1, A Minor, 1943
Suiderkruis, 1943
Symphony no.2 (Sinfonia ricercata), 1952
Primavera, 1960
Fantasy in F Minor (arrangement of Schubert, D940), pf, orch, 1961
Maskerade, 1963
Gebede by jaargetye in die Boland, 1966
Quasi variationi, piano and orchestra, 1974

Chamber Music:

5 Elegies, string quartet, 1940–41
3 Improvisations on Dutch Folk Songs, piano duet, 1942
String Quartet no.1, 1946
Rumba op die Vierperdewa, 2 pianos, 1956
Duo concertante, viola and piano, 1962–76

Solo Instrumental Works:

Pastorale e capriccio, piano, 1955
Night Music, piano, 1955–8

4 klavierstukke, piano, 1965
Tristia, piano, 1972–83
Ricordanza, piano, 1974–82

9.5
- P-L van Dijk (b. 1953) – San Chronicle; "Prodigal Son" – eenbedryf ballet.
- San Gloria – 'n werk geïnspireer deur die San (of Boesmans).
- Temas en ritmes poog om die musiek van hierdie oer Afrikavolk met die antieke Latynse teks van *Gloria in excelsis Deo* te verbind.
- Hierdie werk verbind twee totaal onverwante kulture – beide oud, simbolies en relevant in eie reg.
- Daardeur word elemente in die Afrika samelewing belig wat terselfdertyd opwindend en frustrerend is.
- *San Chronicle* is nie spesifiek programmaties nie.

- Die werk bevat baie klanke en simbole wat met Boesmanlewe geassosieer word, bv. Lied van die bidsprinkaan en die maan (Engelse horingsolo)
- 'n Kort fanfare stel die aankoms van Engelse skepe in die Kaap voor.
- 'n "Piet–my-vrou" ('n spesifieke voëgeluid) aan die einde van die werk verteenwoordig die alomteenwoordige hoop en onblusbaarheid van hul gees.

9.6 **VAN DER WATT, Niel**
(b Pretoria, 28 Desember 1962)
- Niel van der Watt studeer in klavier, klarinet en vokale afrigting.
- Hy is baie betrokke by koorwerk as sanger, dirigent, komponis en verwerker.
- In 1993 behaal hy 'n MMus in komposisie o.l.v. Stefans Grové.
- Hy voltooi daarna ook sy doktorale tesis in Musiekwetenskap by UNISA.
- Hy verwerk en komponeer vir 'n verskeidenheid van instrumente en instrumentkombinasies.
- Van sy werke is al internasionaal uitgevoer.
- Sedert 1987 is Niel 'n onderwyser by die Pretoria Boys' High School in Engels sowel as Musiek.
- Hy ontvang verskeie toekennings van die Transvaalse Department van Onderwys.
- Hy is ook 'n deeltydse dosent by die Departement van Musiekwetenskap te UNISA.
- Voorbeelde van komposisies:

Sekulêre Koorwerke:
Ai, meisie, meisie; SAB
Alleen; girls chorus
As good as new; orchestra; SATB
Gewyde Koorwerke:
A De-commercialised American Christ's mass (1995)
i) Kyrie: *Amazing Grace*; SATB
ii) Gloria: *Do you hear what I hear;* SATB iii) *Sanctus: White Christmas;* SATB

iv) Benedictus: *Santa Claus is coming*
v) Agnus Dei: *Little altar boy*

Tradisionele Koorwerke:
African Dawn (1997)
i) Boroko; dogterskoor
ii) Ka Mehla; dogterskoor
iii) Thobela morena; girls chorus
Werke vir Soliste (Vokaal):
Benediction; stem en klavier (1989)
Bitterbessie dagbreek; stem en klavier
Die son sal weer skyn; stem en klavier
Dinah Lee (1999); voice, piano, alt saksofoon en basviool
Dis my plek (1985); stem en klavier
Drup drup druppeltjies (1980); stem en klavier
Dust of snow (1997); stem en klavier
Fides veritas labor (1990); stem en klavier
Instrumentale Werke:
Trio pour mam'selle leger e'stier; orkes, fluit, klarinet en klavier
African Dawn (1997); orkeswerk
African Reflection (1994); orkeswerk
Afrika kerslied (1996); alt saksofoon en klavier
Aqarelle (1984); klavier
Boabab (1988); orkeswerk

VRAAG 10

Jy is 'n komponis. Jy het gehoor dat een van jou komposisies by 'n konsert uitgevoer gaan word. Jy is geen betaling aangebied vir die opvoerreg van jou komposisie nie. Jy daag op by die konsert en moet 'n toegangsfooi betaal. Lewer kommentaar op die etiek van hierdie situasie. Watter reëlings moes vooraf getref gewees het in verband met die opvoerregte?

- Werk van komponis nie erken
- Geen betaling van opvoerregte nie, maar die musici wat optree verdien wel geld.
- Komponis moet boonop nog betaal om die konsert by te woon. Hy moes gratis toegang gekry het.
- Die organiseerders en persone wat optree moes *SAMRO/SARRAL* gekontak het en
- opvoerregte betaal het. **[5]**

TOTAAL AFDELING B: 65

TOTAAL: 125

Kopiereg voorbehou